

# Verwyder indringerplante uit jou tuin

Leer hierdie Augustus hoe om uitheemse indringerplante te identifiseer en in jou tuin uit te haal.



## Lukwart (*Eriobotrya japonica*)

Die lukwart is 'n geronde immergroen boom wat tot agt meter hoog word. Dit blom in die vroegwinter en eetbare vrugte verskyn in die laatwinter. Dit is as Kategorie 3-indringer gelys wat beteken dit mag nie meer geplant of verhandel word nie. Hoewel Kategorie 3-indrings volgens die wet nie in tuine uitgehaal hoef te word nie, sal uithaal keer dat saad in natuurlike gebiede versprei.



## Kraaldoring (*Caesalpinia decapetala*)

Hierdie immergroen struik is met klein, krom dorinkies bedek en groei dikwels in digte ruygtes. Dit is 'n Kategorie 1 indringer en moet uitgehaal en vernietig word. Dié struik blom in die winter en dra afgeplatte bruin housterige saadpeule. Dit is tevore as veiligheidsheining gebruik, maar het uitermate indringend geword langs riviere en woudrande.



## Grondboontjiecassia (*Senna didymobotrya*)

Dit is nog 'n immergroen struik wat in groot gebiede van die ooste van Suid-Afrika ingedring het. Hierdie struik word tot drie meter hoog en dra heeljaar heldergeel blomme wat vanweë die heeljaarse kleur dikwels uitgehaal en in tuine oorgeplant word. Dit is egter as Kategorie 1-indringer gelys en mag volgens die wet nie verhandel of oorgeplant word nie en bestaande plante moet uitgehaal word. Die blare is ook giftig.



## Indringer-ageratum (*Ageratum conyzoides*)

Hierdie jaarkruid word tot 'n meter hoog en dra donsige blouerige tot perspienk blomkoppe wat heeljaar kan verskyn. Dit is 'n Kategorie 1-onkruid en tuiniers word aangemoedig om dit uit te haal en te vernietig.